

6 OKTOBER

SKRIFGEDEELTE: PSALM 105
FOKUSGEDEELTE: PSALM 105:8-10

God werk altyd aan sy verhouding met ons

Seker een van die wonderlikste geskenke wat God aan die mens gegee het, is die voorreg om in 'n verhouding te staan. Ons mag ons lewe met ander mense deel (1 Pet. 3:7). Jy deel die lewe met jou huweliksmaat, jou kinders, jou ouers, jou vriende en medegelowiges. Maar nou het ons nie net die voorreg om in 'n verhouding met mense te staan nie, maar ook met God. Die Bybel noem dit 'n verbond (Gen. 17:7). Hierdie is natuurlik 'n verhouding wat deur God begin is en Hy bepaal wat die inhoud van hierdie verhouding moet wees. Die besondere klem wat Psalm 105 lê, is dat hierdie verhouding (met jou) vir God só belangrik is, dat Hy dit voortdurend koester. In vers 8 lees ons dat God hierdie verbond met jou *in stand hou*. Dit beteken dat God voortdurend aan sy verhouding met jou werk. Laasgenoemde hou die volgende twee sake in: Eerstens, God sal nooit sy verhouding met jou verbreek nie. God sal altyd jou God bly. God sal jou geloof in Hom altyd sterk hou. Hy sal jou veilig bewaar vir die ewige lewe (1 Pet. 1:4). Wat hieruit vloei, in die tweede plek, is dat God se verhouding met jou ook beteken dat Hy jou deur die lewe sal dra. Soos God vir Josef (vs. 16-25), Moses, Aäron (vs. 26-38) en die volk Israel (vs. 39-45) gedra het, so sal God jou deur die lewe dra, beskerm, bestuur en lei. Christus is God se bewys dat Hy altyd aan sy verhouding met ons werk!

Sing: Psalm 105:3, 8 (p. 520-521)

Dr Riaan Rheeder (Wesrand)